## 6 SLOTWOORD

Kálmán II en sy nageslag kan met dankbaarheid terugkyk na die vier-en-tagtig lewensjare wat hom reeds gegun is - na 'n vol, ryk en opwindende lewe, en 'n bevredigende, vrugbare en geseënde bedieningstyd.

Die manier waarop Kálmán II gelewe en gewerk het, is grotendeels bepaal deur sy persoonlikheid en sy verlede, en minder deur invloede van ander mense. Hy was altyd 'n baie selfstandige en onafhanklike mens wat sy eie gang gegaan het en hom skynbaar min deur ander laat voorskryf of laat manipuleer het. Dit was tog een van sy uitstaande kenmerke. Hy was 'n on-afhanklike denker en 'n selfstandige doener. Dít het enersyds soms die indruk gelaat dat hy koppig en eiewys was, en andersyds iets van 'n een-saamheid en geheimsinnigheid gesuggereer. Want Kálmán II het dikwels in sy eie wêreld geleef en nie maklik sy persoonlike gevoelens met ander gedeel nie. Tog was hy selde alleen. Geselskap en tussen mense wees, was vir hom belangrik en het hom die geleentheid gegee om homself te laat geld en nuttig te wees - veral in die onbaatsugtige uitdeling van sy kennis en vaardighede. En hiervan het hy 'n onuitputbare bron tot sy beskikking gehad.

Kálmán II was altyd baie trots op sy Hongaarse herkoms en agter-grond, veral op die feit dat hy minstens die agtiende in 'n onafgebroke lyn van predikante was wat oor agt geslagte heen strek, en dat hy hierdie tradisie in Suid-Afrika kon voortsit met twee van sy seuns wat ook predikante geword het. Sy agtergrond en die goeie opvoeding wat hy ontvang het, was vir hom 'n kosbare kleinood, en die feit dat hy ook die stamvader van die familie Papp in Suid-Afrika was, het aan hom 'n status verleen wat vir hom kosbaar was. Tog het hy nie krampagtig aan sy verlede vasgehou of homself ooit verwyt dat hy sy geboorteland verlaat het en 'n nuwe vaderland moes aanneem nie. Hy het nooit daarvan gedroom of daarna gehunker om permanent na Hongarye terug te keer nie. Inteendeel, hy het homself baie gou met die lot van die Afrikanervolk vereenselwig en ook 'n trotse Afrikaner geword. Dit word bevestig deur sy intense belangstelling in en deeglike navorsing oor die geskiedenis van die Afrikaner en sy kerk. Hy kon menige Afrikaner op die neus laat kyk met sy omvangryke kennis oor hulle eie verlede, en baie het hom sy uitgebreide versameling van Africana, wat 'n groot deel van sy

persoonlike biblioteek uitmaak, beny. Hierdie kennis en belangstelling, asook sy toegewyde betrokkenheid by die saak van die Afrikaner, veral by die Geloftefeeste te Paardekraal, het tot gevolg gehad dat hy volkome aanvaar is as 'n volwaardige Afrikaner. Desnieteenstaande het hy die bande met sy geboorteland nooit heeltemal verbreek nie en met groot liefde bly omsien na sy mede-Hongare in Suid-Afrika.

Ten spyte van aanvanklike bedenkinge en agterdog, is Kálmán II gou en volledig in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar as herder, leraar, kollega en vriend. Die opvallende ooreenkomste tussen die Hervormde Kerk van Hongarye en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, veral wat prinsipiële sake betref, het sy aanpassing en inskakeling baie vergemaklik. Die enigste noemenswaardige struikelblok wat hy te bowe moes kom, was die Afrikaanse taal. Hy het dit egter redelik gou bemeester, alhoewel hy nooit van sy vreemde uitspraak ontslae kon raak nie. Dít, en al sy ander besondere eienskappe, het juis van hom die unieke predikant gemaak wat hy was.

Die lewe het Kálmán II nie altyd maklik behandel nie. Die feit dat sy vader hom ontval het toe hy maar tien jaar oud was en hy sonder oorvloed en luukshede deur 'n moeder en twee grootmoeders grootgemaak is, het hom egter gedwing om selfstandig en aanpasbaar te wees. Hierdie eienskappe het hom juis in staat gestel om later makliker te oorleef in nuwe en vreemde omstandighede - in sy hoërskooljare in die koshuis, sy studentejare in 'n vreemde en groot stad, gedurende die oorlog in moeilike en gevaarlike omstandighede, tydens sy verblyf in Nederland tussen mense met 'n vreemde taal en kultuur, en uiteindelik in die verafgeleë en onbekende en Suid-Afrika. Hier het sy vele talente tot volle ontplooiing gekom en vir hom hoë aansien besorg. Hy is op die hande gedra en bewonder deur eenvoudige en gewone mense. Hy is gerespekteer en gewaardeer deur vername en geleerde mense.

Kálmán II was 'n kunstenaar. Dit het in veral sy skilderwerk, fotografie, houtwerk en musiek na vore gekom. Sy hande het vir niks verkeerd gestaan nie, en hy het nooit tot ruste gekom voordat hy nie die kuns van dit wat hy aangepak het, ten volle bemeester het nie. Hy het sy gawes egter

nooit net vir homself aangewend nie, maar dit deurgaans met groot graagte en genoegdoening met ander gedeel en tot diens van die gemeenskap en kerk ingespan. Dieselfde geld vir sy vaardighede. Niks kon hom groter plesier verskaf as om iemand anders te leer om te skiet, te jag, vis te vang, houtwerk te doen, te skerm, halfedelstene te slyp, musiek te maak, te skilder, goeie foto's te maak of heerlike Hongaarse soppe en disse op te tower nie.

Kálmán II was ook 'n avonturier. Ledigheid het buite sy verwysings-raamwerk geval en hy was altyd besig met die beplanning aan een of ander projek, avontuur of ekspedisie. Alhoewel sommiges daarvan dagdromery was, het die meeste gerealiseer in die monumente wat hy nagelaat het, en die groot opwinding, pret en plesier vir diegene wat daarby betrokke was. Hy het 'n besondere liefde vir die natuur gehad - die jagveld, see, wildtuine en berge. Sy gemis aan 'n eie vader het hom byna obsessief 'n goeie vader vir sy kinders laat wees. Min kinders het waarskynlik in hulle kinderjare met soveel plekke kennis gemaak en soveel ervarings en opwinding beleef as Kálmán II en Mieke se drie seuns en twee dogters, en baie dikwels het lidmate van die gemeente, familie en vriende ook daarin gedeel.

Die byna ongelooflike algemene kennis waaroor Kálmán II beskik het, het hy te danke gehad aan sy onversadigbare honger na kennis. Daar was min terreine van die lewe waarvan hy niks geweet het nie, en vele waar-van hy baie geweet het. As hy iets wou weet, het hy dit in sy omvangryke biblioteek gaan naslaan, en as hy geen lektuur daaroor gehad het nie, het hy dit onverwyld in die hande gekry of aangeskaf. Sy boekery is tot op hede sy kosbaarste besitting en sy navorsing verskaf hom op sy oudag die grootste bevrediging. Kálmán II het altyd student gebly, en niemand wat by hom aan huis gekom het - of dit nou 'n analfabeet of 'n hoogs geleerde was - het ooit huis toe gegaan sonder om iets van hom te leer nie. Hierbenewens het hy oor 'n besonder hoë intellektuele vermoë beskik - iets wat as gevolg van sy besige lewe nooit werklik tot sy volle reg gekom het nie. Indien sy lewe as gemeentepredikant aan die beginjare rustiger sou gewees het, sodat hy sy nagraadse studie kon afhandel, sou hy waarskynlik later in 'n akademiese loopbaan beland het. Dit was hom egter nie beskore nie. Die ereprofessoraat wat in die skemer van sy lewe aan hom toegeken is, het egter wel in 'n groot

mate daarvoor gekompenseer.

Kálmán II was sy lewe lank 'n vredeliewende mens en het homself nooit ingelaat by die twis en stryd in die kerklike of politieke lewe nie. Hy was in menige situasies van konflik en spanning, in sy amptelike, openbare, sowel as sy persoonlike lewe, veel eerder die fyn waarnemer op 'n afstand as die verbete vegter in die voorste linie. Dit het soms die indruk gewek dat hy nie standpunt wou inneem nie en besluiteloos was, maar miskien was dit eerder die geval dat hy ter wille van die vrede sy mening vir homself gehou het. Hy het konfrontasie meestal probeer vermy en dit verkies om probleme met takt en diplomasie te ontlont. Sy joviale persoonlikheid, besondere sin vir humor, skerp intellek en oneindige geduld was hierin vir hom die grootste bates.

Om te kon bystaan, te kon gee, te kon ondersteun, te kon bederf, te kon onderrig, te kon raadgee, te kon plesier en te kon onthaal - dít het vir Kálmán II die diepste bevrediging in sy lewe verskaf. Die geringste insinuasie van hulp of bystand wat benodig word, het daartoe gelei dat hy tot aksie oorgegaan het. So het hy baie mense, veral sy kinders, deur krisisse heen gedra en hulle lewens verryk met deurdagte advies en daadwerklike hulpverlening. Niks was ooit vir hom te veel gevra nie - selfs nie die onbenulligste versoek van die eenvoudigste van mense nie. As gevolg hiervan het Kálmán II feitlik geen vyande gehad nie, en is al sy tekortkominge hom vergewe.

God het Kálmán II inderdaad met baie en besondere gawes toebedeel - soveel en in so 'n mate, dat hy nie naastenby almal daarvan tot hulle volle potensiaal kon benut nie. Maar 'n kerk en 'n gemeente, 'n volk en 'n gemeenskap, 'n familie- en 'n vriendekring, en 'n vrou en 'n nageslag, kon almal die vrugte daarvan smaak. God was en is steeds inderdaad vir hom en vir ons baie goed!

**ORATIO**

**Die Stem van Suid-Afrika**
(laaste strofe)

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou -
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer:
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

(Teks: C J Langenhoven 1927)